

# Salige Victoria Rosoamanarivo

## 21 Augustus

(1848-1894)

Sy is gebore uit ‘n adellike familie op die eiland Madagaskar. Op die ouderdom van vyftien jaar is sy in die Katolieke Kerk gedoop en twee jaar later is sy getroud met ’n man wat ’n losbandige en sedelose lewe gelei het. Sy sou hom egter altyd bystaan en uiteindelik het hy tot inkeer gekom en haar om vergifnis gesmeek. Danksy haar hoë posisie in die samelewing kon sy die Katolieke beskerm toe al die Katolieke sendelinge uit die land verban was. Dit was deur haar toedoen dat die Katolieke kerke en skole oopgebly het en dat die sendelinge toegelaat is om in 1886 terug te keer. Sy het elke dag ten minste ses ure in gebed in die kerk deurgebring en die res van haar tyd aan naastediens en die versorging van armes en veral melaatses gewy. Hierdie merkwaardige vrou kan tereg beskou word as die moeder van die Katolieke Kerk op Madagaskar.

© Die Oratorium Uitgewery